NAWEEK REIS

Luuksste gemak en styl

Die nuwe boetiekhotel Atholl Place, 'n klipgooi van Sandton, sal gaste verstom.

Van bulte skep die twee moderne, vensterryke wit geboue en massiewe bome 'n gevoel van rustigheid.

Binne is die interieur elegant in wit, grys en swart, maar daar wag 'n verrassing om elke hoek: luukse materiale, pragtige skilderye deur Lynette ten Krooden, perspeks-tafels gevul met stokke of naaldekokers.

Atholl Place, wat begin Oktober oopgemaak het, is Gerhard en Sumari Krige se klein, luukse boetiekhotel in Atholl in die noorde van Johannesburg. Die oorspronklike grandakhuis is in die 1970's gebou. Die Krige's het dit gekoop en wou dit restoureer as tuiste naby Sumari se binnenshuisontwerpwinkel, La Grange Interiors, en Gerhard se eiendomsontwikkelingmaatskappy se kantore in Kramerville. Maar die projek het ontaard in dié pragtige boetiekhotel wat 18 maande geneem het om te voltooi.

Met die hulp van die gerespekteerde Franc-Belgiese argitek mnr. Pierre Lombart en die bekende binnenshuise ontwerper me. Adele van der Merwe, het die Krige's dit omskep in die moderne dog elegante Atholl Place.

Die hotel is gerieflik naby aan Sandton se stadskern en minder as 'n kilometer van die Sandton-stasie van die Gautrein, wat in aanbou is. Vanaf die stasie kan gaste maklik na die OR Tambo-lughawe ry, maar Atholl Place het ook 'n pendeldiens na die lughawe.

Die tien kamers – vyf superieure kamers, vier luukse kamers en een mini-luukse kamer – lyk elk effens anders. Die vyf groot kamers is elk minstens 50 m² groot.

Die kamers spog met onder meer lugverversorging en ondervloerse verhitting, 'n 42 duim-LCD-platskermtelevisie met M-Net en DStv, komplimentêre ADSL-internettoegang, 'n elektroniese kluis groot genoeg vir 'n skootrekenaar, 'n koffie- en teemaker en 'n haardroër. Die beddegoed is katoenbatis uit Italië en eendvoer-duvets.

Atholl Place spog ook met 'n stylvolle eetkamer en sitkamer, 'n gemaklike biblioteek – wat in konferensiegeriewe omskep kan word – met 'n kaggel, 'n groot swembad, gimnasium en sauna, sowel as 'n informele kroeg by die swembad.

Etec by die hotel is nie oop vir mense wat nie gaste is nie en geen kinders onder 12 jaar word toegelaat nie.

"Ons het die luuksste materiale en meubels gebruik met die klem op gemak en styl," sê Sumari Krige oor Atholl Place.

Die eetkamer, waar heerlike ontbyt en ligte middag- en aandetes, voorbereid deur Atholl Place se sjef, bedien word.

Kontak

Atholl Place is in Pretoria-laan 80, in Atholl, Sandton, Johannesburg, geleë.

Vir meer inligting of om te bespreek, skakel ☎ 011 783 3410, e-pos info@atholl place.co.za of besoek www.atholl place.co.za.